

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

September 2019 Uitgawe 1



**NHI: One step closer to universal health coverage**

**Page 4**



**Boosting confidence through beauty therapy**

**Page 9**

**JOBS INSIDE:**

## Black Mambas strike poachers

### THE WOMEN-LED BLACK MAMBAS

Anti-Poaching Unit is a poacher's worst nightmare as they relentlessly patrol fences, look for snares and remain alert to any threats to the wild animals they are dedicated to protecting.

#### More Matshediso

**T**he Black Mamba Anti-Poaching Unit is the first majority female anti-poaching unit in South Africa.

It was established in 2013 by conservationist and field ecologist Craig Spencer, Managing Director of Transfrontier Africa NPC, to protect the Olifants West Region of Balule Nature Reserve.

• Cont. on page 2



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

#### CONTACT US

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

#### Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets Hatfield, Pretoria, 0083

**FREE COPY NOT FOR SALE**



# Vroeë diagnose van servikskanker red lewens

**VROUENS BEHOORT VANAF** hulle vroeë twintigerjare vir gereelde papsmere te gaan sodat servikskanker gediagnoseer kan word voordat dit moeilik word om te behandel. Dit is die boodskap aan vrouens wat tydens Servikskanker-bewustheidsmaand in September versprei word.

Silusapho Nyanda

**'N** Servikskanker-oorlewende glo dat vrouens vir gereelde papsmere by hulle plaaslike klinieke moet gaan.

Zibulani Dlamini\* (45) sê dat sy vroeër vir toetse sou gegaan het as sy meer oor kanker geweet het.

“Jy behoort getoets te word wanneer jy gereelde pyn in jou laer buik het. Ander tekens is bloeding tydens of na seks, onreëlmatige afskeiding, abnormale maandstonde en uiters pynlike maandstonde,” sê sy en waarsku dat sommige vrouens geen simptome toon nie, wat gereelde toetsing van kardinale belang maak.

Volgens die Kankervereniging van Suid-Afrika (Kansa), kom



servikskanker voor in die selle van die onderste deel van die baarmoeder wat met die vagina verbind is.

Dit is die tweede algemeenste kanker onder Suid-Afrikaanse vrouens en word hoofsaaklik veroorsaak deur die menslike papilloomvirus, 'n algemene

virus wat deur velkontak, liggaamsvloeistowwe en seksuele omgang versprei word,” verduidelik Kansa op sy webblad.

Vroeë opsporing van servikskanker verbeter die kans op suksesvolle behandeling en kan verhoed

## HET JY GEWEET?

- 'n Papsmeer is gratis en kan by enige primêre gesondheidsorgfasiliteit, soos kliniek of gemeenskapsgesondheidsentrum, gedoen word.
- Servikskanker pasiënte en vrouens wat meer inligting oor die siekte wil hê, kan die Kankervereniging van Suid-Afrika by 0800 22 66 22 kontak.

dat enige vroeë veranderings in baarmoederselle kankeragtig word, sê Kansa.

Dlamini is in April 2018 gediagnoseer nadat sy haar kliniek besoek het as gevolg van pyn in haar laer buik en pelvis.

Sy sê dat haar papsmeeruitslae 'n maand later teruggekom het en dat sy na haar plaaslike hospitaal verwys is, wat haar toe verder na die Nelson Mandela Akademie Hospitaal in Mbatha verwys het, waar sy meegedeel is dat sy servikskanker het.

“Die dokters het vir my gesê dat, as gevolg van die erns van die kanker, dit wenslik is om my hele baarmoeder te verwyder om te keer dat dit verder versprei.”

Dlamini sê dat daar 'n doelgerigte veldtog moet wees om vrouens meer te leer oor servikskanker, hoe dit vrouens beïnvloed en waar hulle ywat vermoed dat iets fout is, moet onmiddellik mediese hulp soek,” bevind Dlamini. **V**

\*Zibulani Dlamini is nie haar regte naam nie.

## NGV: Een stap nader aan universele gesondheidsdekking

**D**ie langverwagte Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) is amptelik deur die parlement vrygestel — wat die weg baan vir openbare deelname en betrokkenheid. Die bekendstelling van die wetsontwerp bring Suid-Afrika een stap nader aan sy doelwit om die NGV in werking te stel.

Die Wetsontwerp is deur die minister van gesondheid, dr Zweli Mkhize, afgeteken en in Julie deur die kabinet aanvaar. Die regering streef deur die NGV daarna om sy grondwetlike plig na te kom, naamlik om hoëgehalte- universele gesondheidsorg aan almal te bied, soos in Artikel 27 van die Grondwet en die Verenigde Nasies se Volhoubare-ontwikkelingsdoelwitte voorsien word.

Die NGV het ten doel om te

verseker dat Suid-Afrikaanse burgers, permanente inwoners, vlugtlinge, gevangenes, aangewese buitelandse burgers en alle kinders primêre gesondheidsorg sal ontvang. Primêre gesondheidsorgsentrums, soos klinieke of algemene praktisyne, sal die eerste toegangspunt tot gesondheidsorg wees. Toegang tot gesondheidsorgdienste by die kontakpunt sal gratis wees.

“Ons gesondheidsorgstelsel het vir te lank op 'n nie-volhoubare en onregverdige wyse gefunksioneer. Die openbare gesondheidsorgstelsel dra die leeuendeel van die siektelas in die land, en sien om na 84 persent van ons bevolking met minder hulpbronne as die privaat gesondheidsorgstelsel, wat net 16 persent van die bevolking bedien,” sê minister Mkhize.

Die NGV het ten doel om in



die voetspore van lande soos Brittanje en Japan te volg, wat ook hulle eie ekwivalent in werking gestel het.

### Hoe werk die NGV?

'n Pasiënt sal deur die NGV as 'n gebruiker geregistreer word. Daar sal van gebruikers vereis word om primêre gesondheidsfasiliteite, soos 'n kliniek of algemene praktisyne, te nader, wat as die intreevlak tot gesondheidsorg sal dien. Die gesondheidsorgpraktisyne by die primêre gesondheids-

orgfasiliteit sal die vlak van sorg wat die pasiënt nodig bepaal en, indien nodig, die pasiënt vir verdere behandeling verwys.

Pasiënte sal dié behandeling gratis ontvang, maar indien 'n pasiënt 'n spesialis direk nader, sal hulle die gratis behandeling verbeur en vir die diens betaal.

### Wat gebeur met mediese fondsskemas?

Mediese fondsskemas sal, ingevolge die Wetsontwerp,

geleidelik uitgefaseer word totdat hulle — as die hoofbron van primêre gesondheidsorg — uiteindelik verdwyn.

Mediese fondse sal dus slegs sogenaamde komplimentêre dekking kan verskaf. Komplimentêre dekking sal dienste verskaf wat nie ingevolge die NGV gelys is nie, byvoorbeeld kosmetiese chirurgie.

“Alle Suid-Afrikaners sal voordeel trek uit kwaliteit gesondheidsorg sonder die las van kontantuitgawes,” sê Mkhize. **V SAnews.gov.za**

## HET JY GEWEET?

- Die NGV sa na verwagting ongeveer R256 miljard kos.
- Die NGV sal teen 2026 ten volle in werking gestel word.